CHRISTELIK CHRISTIAN
INCLUSIVE INKLUSIEF
TOEGANKLIK APPROACHABLE
BALANCE BALANS

LAERSKOOL MIDSTREAM RIDGE PRIMARY
EXCELLENTIA

Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers en Leerders

Soos ons die derde kwartaal afsluit, wil ek my opregte waardering teenoor ons leerders, personeel en ouers uitspreek. Dankie vir die harde werk, die toewyding en die ondersteuning. Hierdie kwartaal het baie hoogtepunte opgelewer: op die sportveld, in die klaskamer en op kultuurgebied. Baie geluk aan almal met elke prestasie en mylpaal.

Nou is dit tyd om asem te skep en doelbewus te rus.

"Wanneer die verstand moeg word, is rus nie luiheid nie – net so min as wat slaap luiheid is."
~ Charles H. Spurgeon

Met 'n besige vierde kwartaal wat voorlê, is dit belangrik dat ons weer doelbewus op balans fokus. Rus is nie tyd wat verlore gaan nie. Dit is tyd waarin ons herstel, nuwe perspektief kry en weer energie opbou. Maak daarom tyd vir gesin, vir stilword, vir lag, en vir die dinge wat die hart en gedagtes verfris.

Mag elke gesin 'n veilige, rustige en betekenisvolle vakansie beleef. Geniet kwaliteittyd saam met julle geliefdes. Aan almal wat reis: mag julle veilig op die paaie wees, waarheen julle ook al gaan.

Ons sien daarna uit om almal weer in die vierde kwartaal by Laerskool Midstream Ridge Primary te verwelkom – uitgerus, met helder koppe, nuwe energie en die veerkrag om die jaar sterk af te sluit.

Vriendelike groete

NICO LOGGENBERG
SKOOLHOOF

> SOMS IS RUS DIE PRODUKTIEFSTE DING WAT JY KAN DOEN

SKOOL HEROPEN DV. OP DINSDAG 13 OKTOBER 2026

LAERSKOOL
MIDSTREAM RIDGE
PRIMARY
012 940 9122 info@lmrp.co.za
1 Ridgewaylaan / Avenue, Midstream Ridge | Posbus / PO Box 8, Midstream Estate, 1692

SKOOLFOOIE 2027

GRAAD 2027	SKOOLFOOIE PER JAAR	SKOOLFOOIE PER MAAND (11 MAANDE)
R	R68 970.00	R6 270.00
1	R69 850.00	R6 350.00
2	R74 470.00	R6 770.00
3	R79 200.00	R7 200.00
4	R84 920.00	R7 720.00
5	R88 770.00	R8 070.00
6	R88 770.00	R8 070.00
7	R89 650.00	R8 150.00

NASKOOLFOOIE

Die naskoolfooie ten opsigte van 2027 is R2 480.00 per maand per leerder.
(Jaarfooi R27 280.00).
Die naskoolgelde sal op u skoolrekening geplaas word en is vir elf maande betaalbaar.
'n Ad hoc-fooi van R253.00 per dag is betaalbaar.

Malanie Burger: malanieb@midstreamcollege.co.za (012) 661-0590

BLGG STUDIE-METODEKURSUS

CAPRIOLE STALLE PONIEKAMP

Midstream Tydskrif

Aug 2026

RAPPORTE

Die rapporte vir graad 1-7 sal op Woensdag 23 September om 10:00 op die Edana App beskikbaar gestel word. Ons rig 'n vriendelike versoek aan ouers om asb. geduldig te wees met die aflaai van rapporte aangesien dit lank kan neem a.g.v. die druk op die sisteem.

INTERSENFASE

Gewigte per vak om 'n gemiddeld aan die einde van die kwartaal te bepaal, word as volg bereken:

Huistaal = 20%
Eerste addisionele taal = 15%
Wiskunde = 20%
Wetenskap = 15%
Geskiedenis = 10 %
Aardrykskunde = 10%
Rekenaars = 5%
Robotika & Tegnologie = 5%

INTERSENFASE

Die gewigte per kwartaal, om 'n gemiddeld aan die einde van die jaar te bepaal, word as volg bereken:

Kwartaal 1 - 20%
Kwartaal 2 - 20%
Kwartaal 3 - 20%
Kwartaal 4 - 40%

UNIFORMWINKEL

VAKANSIE HANDELSURE

SEPTEMBER | OKTOBER

23 September	07:00-15:00
24 September – 07 Oktober	Gesluit
08 – 09 Oktober	08:00-16:00
12 Oktober	08:00-17:00
13 Oktober	Normale ure

VIR DRINGENDE VERSOEKE

WHATSAPP OF SKAKEL 064 937 0551 | 065 073 8027

Herwinning

BY LAERSKOOL MIDSTREAM RIDGE PRIMARY

Ons is opgewonde en trots om aan te kondig dat Laerskool Midstream Ridge Primary met ’n skoolwye herwinningsprojek begin het!
Ons glo dat opvoeding verder as akademiese vakke en sport strek.
Ons streef ook daarna om ons leerders met belangrike lewensvaardighede toe te rus, en omgewingsverantwoordelikheid by hulle te ontwikkel.
Met hierdie inisiatief wil ons, ons leerders die basiese beginsels van herwinning leer, en hulle aanmoedig om ’n positiewe verskil te maak deur papier, plastiek en blikkies te herwin.
Om hierdie projek te ondersteun, het ons 12 duidelik-gemerkte herwinningsdromme op verskeie plekke op die skoolgrond geplaas, sodat dit vir ons leerders maklik en gerieflik is om te herwin.
Ons hoop dat hierdie inisiatief ’n blywende impak sal hê as ons leerders aangemoedig word om lewenslange herwinningsgewoontes te ontwikkel.
Sodoende word hul geïnspireer om na die omgewing om te sien.
Saam kan ons ’n verskil maak, en ons deel doen om ons planeet vir toekomstige geslagte te beskerm!



Herwin vandag vir ’n groener môre!

Opvoedkundige PRETDAG

Klik op die skakel vir meer inligting.
Voltooi asb. die vereiste gedeeltes teen **Dinsdag 13 Oktober.**

GRAAD 1
Pret in die Son

GRAAD 2
Pret in die Son

GRAAD 3
Pret in die Son

25-27 NOVEMBER

Opvoedkundige GRAAD Toere

Klik op die skakel vir meer inligting.
Voltooi asb. die vereiste gedeeltes teen **Dinsdag 13 Oktober.**

GRAAD 4
Achterberg Lodge

GRAAD 5
Sediba Kwêle

GRAAD 6
Elandskloof

GRAAD 7
Meulstroom

25-27 NOVEMBER

LAERSKOOL MIDSTREAM RIDGE PRIMARY
KWARTALE / TERMS – 2027

KWARTAAL 1		TERM 1
SKOOL OPEN SCHOOL STARTS	WOENSDAG WEDNESDAY	13 JANUARIE 13 JANUARY
SKOOL SLUIT SCHOOL CLOSES	VRYDAG FRIDAY	19 MAART 19 MARCH
KWARTAAL 2		**TERM 2**
SKOOL OPEN SCHOOL STARTS	DINSDAG TUESDAY	13 APRIL 13 APRIL
SKOOL SLUIT SCHOOL CLOSES	VRYDAG FRIDAY	25 JUNIE 25 JUNE
KWARTAAL 3		**TERM 3**
SKOOL OPEN SCHOOL STARTS	DINSDAG TUESDAY	20 JULIE 20 JULY
SKOOL SLUIT SCHOOL CLOSES	VRYDAG FRIDAY	17 SEPTEMBER 17 SEPTEMBER
KWARTAAL 4		**TERM 4**
SKOOL OPEN SCHOOL STARTS	DINSDAG TUESDAY	05 OKTOBER 05 OCTOBER
SKOOL SLUIT SCHOOL CLOSES	WOENSDAG WEDNESDAY	01 DESEMBER 01 DECEMBER

VAKANSIEDAE		HOLIDAYS
SKOOL VAKANSIEDAG	SCHOOL HOLIDAY	26 APR (MAANDAG / MONDAY)
VRYHEIDSDAG	FREEDOM DAY	27 APR (DINSDAG / TUESDAY)
JEUGDAG	YOUTH DAY	16 JUN (WOENSDAG / WEDNESDAY)
NASIONALE VROUEDAG	NATIONAL WOMEN'S DAY	09 AUG (MAANDAG / MONDAY)

LAERSKOOL MIDSTREAM RIDGE PRIMARY
KWARTALE / TERMS – 2028

KWARTAAL 1		TERM 1
SKOOL OPEN SCHOOL STARTS	WOENSDAG WEDNESDAY	12 JANUARIE 12 JANUARY
SKOOL SLUIT SCHOOL CLOSES	VRYDAG FRIDAY	17 MAART 17 MARCH
KWARTAAL 2		**TERM 2**
SKOOL OPEN SCHOOL STARTS	DINSDAG TUESDAY	04 APRIL 04 APRIL
SKOOL SLUIT SCHOOL CLOSES	DONDERDAG THURSDAY	15 JUNIE 15 JUNE
KWARTAAL 3		**TERM 3**
SKOOL OPEN SCHOOL STARTS	WOENSDAG WEDNESDAY	12 JULIE 12 JULY
SKOOL SLUIT SCHOOL CLOSES	VRYDAG FRIDAY	22 SEPTEMBER 22 SEPTEMBER
KWARTAAL 4		**TERM 4**
SKOOL OPEN SCHOOL STARTS	DINSDAG TUESDAY	10 OKTOBER 10 OCTOBER
SKOOL SLUIT SCHOOL CLOSES	WOENSDAG WEDNESDAY	06 DESEMBER 06 DECEMBER

VAKANSIEDAE		HOLIDAYS
GOEIE VRYDAG	GOOD FRIDAY	14 APRIL
PAASMAANDAG	EASTER MONDAY	17 APRIL
SKOOLVAKANSIEDAE	SCHOOL HOLIDAYS	24-26 APR (MAANDAG / WEDNESDAY)
VRYHEIDSDAG	FREEDOM DAY	27 APR (DONDERDAG / THURSDAY)
SKOOLVAKANSIEDAG	SCHOOL HOLIDAY	28 APR (VRYDAG / FRIDAY)
WERKERSDAG	WORKERS' DAY	1 MEI / MAY (MAANDAG / MONDAY)
NASIONALE VROUEDAG	NATIONAL WOMEN'S DAY	09 AUG (MAANDAG / MONDAY)

LAERSKOOL / PRIMARY
SWEM / SWIMMING
TALENTSOEK
GALA
DATUM:
VRYDAG,
16 OKTOBER
PLEK:
LAERSKOOL
MIDSTREAM RIDGE
PRIMARY
Registreer via die Google-vorm.
https://forms.gle/sBs6zcU7SyaziCWt7
Almal is welkom.

WAT 'N
FEES!
"Die beste oomblikke
word saam geskep."
SONDER JULLE, SOU
SPRINGFEST 2026
NIE MOONTLIK GEWEES
HET NIE.
DANKIE
Spring
Fest
@ MIDSTREAM COLLEGE
SIEN JULLE IN
2027!

BELANGRIKE SKOOLSKAKELS

Kalender		Die algemene skoolkalender vir die jaar - dit word met elke nuusbrief opgedateer.
Sportkalender Kwartaal 4		Die sportkalender is "lewendig" en word dus daagliks aangepas. Dit kan in die *DOCUMENTS FOLDER* in die Edana-toepassing gevind word.
Nasorgsentrum	@RakkerCare	Hoe om u kind by die nasorgsentrum in te skryf
LMRP Aksie-fotos		Ouers is welkom, en word aangemoedig om aksie-foto's van enige skoolgeleenthede en byeenkomste aan ons d.m.v. dié skakel te stuur.
Edana		Hoe om die toepassing af te laai en te installeer
		Hoe om jou fooninstellings aan te pas om kennisgewings op jou foon te ontvang
Google Classroom		Hoe om *Google Classroom* op u slimfoon af te laai en te installeer
		Hoe om *Google Classroom* op u rekenaar af te laai
Sosiale Media Toestemming		Voltooi asb. dié vorm rakende sosiale media.
Facebook		Volg ons op *Facebook*.
Instagram		Volg ons op *Instagram*.
Opdateer van Mediese Rekords		Dit is baie belangrik dat ons van alle leerders opgedateerde mediese rekords hou. Pas asb. dié inligting soos nodig aan.